No 14 - 2023] FIFTH SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 22 JUNE 2023

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**QUESTIONS TO THE PREMIER WITHOUT NOTICE**

Ms A P Bans
Mr G Pretorius
Mr M K Sayed
Ms W F Kaizer-Philander
Ms A Cassiem
Mr P T de Villiers
Mr K Brinkhuis

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**ORDER OF DAY**

Mr P J Marais: Introduction: Western Cape Peoples Bill (Rule 170(1)(a)).

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION *(22 June 2023)***

1. Mr F C Christians: That the House debates the proposed National Health Insurance Bill and its concomitant impact on society.

2. Ms A P Bans: That the House debates the targeting of SAPS officials in shootings in the province and the lack of response by the Western Cape provincial Department of Police Oversight and Community Safety in preventing SAPS officials from becoming targets.

3. Mr L L Mvimbi: That the House debates the outbreak of taxi violence again om the Drakenstein–Bellville routes and the clueless involvement of the Minister of Mobility in preventing this violence.

4. Ms N G Bakubaku-Vos: That the House debates the displacement of thousands of people and the loss of life in Western Cape because of flooding, which resulted in damage to their properties.

5. Mr M K Sayed: That the House debates the rise in school-targeted robberies in Western Cape.

6. Ms A P Bans: That the House debates the Tafelsig Neighbourhood Watch camera surveillance room that has been shut down by the City of Cape Town.

**NOTICES OF MOTION** ***(15 June 2023)***

1. Ms L M Maseko: That the House, recognising that Youth Day is approaching, acknowledges the commendable efforts of the Western Cape Government in organising a youth empowerment open day in Gugulethu, which aims to provide the youth in the greater Gugulethu area with access to various empowerment opportunities; notes the Department of Infrastructure will host similar youth empowerment sessions throughout the province in the coming weeks; commends the remarkable progress achieved through the Conradie Park Apprenticeship Programme, which is currently catering to the needs of 100 young individuals; notes that the programme offers monthly stipends to incentivise the participants; notes that, during a recent conversation with the Minister, 23-year-old Jordan Samuels expressed her deep appreciation for the programme, highlighting its personal significance and impact on her life; commends the great work being done by the Masakh'iSizwe (MiS) Busary Programme; notes that Minister Simmers awarded bursaries to 96 young people for the 2023 academic year; notes that the new bursary recipients were deeply honoured to be accepted into the MiS Bursary Programme in their respective academic disciplines; further notes that the bursary offers support for full-time studies towards a degree or diploma in the transport, engineering and built-environment disciplines; commends the DA-led Western Cape Government's commitment to prioritise and support the youth, who are undeniably the most vital demographic within our society; and notes that they represent the future of our country and possess the potential to drive significant positive change.

2. Ms D M Baartman: That the House notes with pride the imminent construction of the Lunar Exploration Ground Site (LEGS) at Matjiesfontein in the Karoo; notes the fact that Matjiesfontein has been chosen for this purpose for its ideal location, climate and existing infrastructure; notes that this facility, constructed on behalf of the United States National Air and Space Administration (NASA), will play an important role in the Artemis III mission that aims to return human explorers to the surface of the Moon for the first time since the Apollo 17 mission in December 1972; notes that the Artemis III missions are intended not only to send the first ever woman and person of colour to the surface of the moon, but also to establish a base for human lunar habitation; and expresses its immense pride in Matjiesfontein and the Western Cape's role in this exciting next giant leap for humankind's exploration of the cosmos.

3. Mr C M Dugmore: That the House expresses its deep concern about the impact of flooding on the lives of people across the province and believes that once again the DA's refusal to make land available to those in need, as well as the lack of a proactive strategy to lessen the impact of flooding, adds to the misery of the poor and landless; therefore resolves that the House establishes an ad-hoc committee to investigate the current situation in regard to flood damage and makes recommendations to deal with land availability and other

measures to reduce the impact of flooding across the Western Cape; and further calls for the urgent establishment of the Environmental Commissioner to implement climate-change mitigation measures that are required.

4. Mr M Kama: That the House urges the provincial government to constitute immediately the Provincial Sports Council, which should, among other things, adjudicate on disputes of sports federations in the Western Cape; notes that the continuing disputes in sports federations are against all efforts of sports development; and notes that the Council should be appointed through fair and equal participation of different stakeholders in different sporting codes.

5. Mr M Kama: That the House urges the Premier to increase the budget for youth development; notes that a youth directorate in the Office of the Premier should be established with the aim to coordinate all youth programmes in his government and support the establishment and running of youth development offices on local government level; and his government should immediately advertise all government-funded posts and deliberately target young people and women for recruitment.

6. Ms R Windvogel: That the House welcomes the passing of the National Health Insurance (NHI) Bill in South Africa; notes that this momentous occasion marks a significant milestone in our journey towards achieving universal healthcare for all our citizens; notes that the NHI Bill represents a profound commitment to improving the quality and accessibility of healthcare services across the nation; notes that it is a testament to our collective efforts in building a fair and equitable healthcare system that prioritises the well-being of every individual; notes that, with the implementation of the NHI, we envision a future where no South African is denied essential medical care due to financial constraints; notes that this transformative legislation will ensure that everyone, regardless of their socio-economic background, can access the healthcare services they need and deserve; and celebrates this milestone and embrace a future where health is a fundamental right for all.

7. Ms N G Bakubaku-Vos: That the House notes the poor drainage system in the Drakenstein Municipality in the Western Cape; notes that the drainage system is in its worst condition and has been so for years; notes that the DA is doing nothing to invest in infrastructure and they have been unmoved for years while these floods continue to terrorise our people; notes that, with just some rain for 10 to 30 minutes, the streets are fully blocked; and calls on the provincial government to investigate this problem as the rain season has started.

8. Mr M K Sayed: That the House notes and is deeply disturbed by the recent racist incidents at the Westerford High School in Cape Town, which are currently under investigation; notes that such behaviour is not only reprehensible, but also goes against the core values of respect, inclusivity and equality that should be upheld in our educational institutions; notes that racists, unfortunately, feel comfortable in the DA-governed Western Cape due to the DA's defence of institutionalised racism; stands firmly against any form of discrimination or prejudice and expresses our solidarity with the affected learners and their families; and notes that it is crucial that the school administration takes decisive action after investigating these incidents thoroughly and holds those responsible accountable for their actions.

9. Mr M Kama: That the House notes the excellent performance by the Cape Town Spurs Football Club that has been promoted to the DSTV Premiership after five years in the national first divisions; notes that the Cape-born legendary and ultimate warrior, Shaun

Bartlett, who is the head coach, is the person who made all this possible; notes that his career as a senior football player started at this very same team; calls on the Western Cape Government and local authorities to increase their support for our provincial teams that participate in South Africa's top level league; notes that a progressive government should realise and take the opportunity of using sport to address social ills faced by young people; notes that football in the Western Cape has the most participation and membership, mostly from poor and crime-ridden areas, but it is poorly funded in the province; notes that the promotion of Cape Town Spurs brings our teams to three in the top league; notes that this victory of Cape Town Spurs reminds us of and should encourage all football-loving people in the Western Cape to never lower their guard in defence of the Athlone Stadium, the pride of Cape Town's football history; and let us use football to kick crime for touch.

10. Mr M K Sayed: That the House notes with deep concern that the unplaced learner crisis persists in the Western Cape as we discover daily more cases of parents who applied timeously and correctly, but are getting rejected by all schools they applied to; further notes that Ms Mqikela applied for her daughter at five different schools, namely Glendale High School, Mondale High School, Spine Road Secondary School, Portlands High School and Cedar High School; further notes that Mr Banjwa has written to the WCED to express his disappointment after he applied to eight different schools for his niece who is currently in Grade 7 at the Claremont Primary School and the application was unsuccessful at all the schools with no valid reasons given; laments the continued weaponisation of admissions and language policies to keep black learners (African, coloured and Indian) out of former model C schools; and calls on Minister Maynier to attend to this matter as the lie of late applications and the migration of learners from other provinces will not be accepted by the public.

11. Ms N G Bakubaku-Vos: That the House notes with deep concern that 10 households at Smartie Town in the Drakenstein Municipality have been without electricity for eight months due to cable theft; further notes that when the matter was reported to the municipality, it ordered each household to pay R3 000 for the cable and another R3 000 to get a certified electrician to install it, which would cost each household a total of R6 000; calls on the Premier and the Minister of Local Government to intervene as the people do not have this amount, as most of them are unemployed and depend on social grants; also calls on the Minister of Social Development to intervene as there are two people living with disabilities who are affected, as well as seven pensioners and 11 children, and who cannot cope with living without electricity during the winter.

*See also:* Mr F C Christians (p 4); Mr P J Marais (p 4); Ms L M Maseko (p 5); Mr M K Sayed (p 6); Mr C M Dugmore (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Mr M Kama (p 6); Ms A P Bans (p 6); Ms A P Bans (p 7); Mr M K Sayed (p 7); Ms N D Nkondlo (p 7); Ms N G Bakubaku-Vos (p 7); Mr M K Sayed (p 8); Ms D M Baartman (p 8); Mr T M Klaas (p 8); Mr C M Dugmore (p 11); Ms A Cassiem p 12; Mr T M Klaas (p 12); Ms A P Bans (p 12); Ms N D Nkondlo (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N G Bakubaku-Vos (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Mr F C Christians (p 14); Mr I M Sileku (p 14); Ms N G Bakubaku-Vos (p 15); Mr M K Sayed (p 15); Ms A P Bans (p 15); Mr M Kama (p 15); Mr C M Dugmore (p 16); Mr G Bosman (p 17); Mr F C Christians (p 17); Mr C M Dugmore (p 18); Ms D M Baartman (p 18); Mr T M Klaas (p 18); Ms A P Bans (p 18); Mr K Brinkhuis (p 21); Ms A P Bans (p 21); Mr C M Dugmore (p 21); Mr M Kama (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Ms P Z Lekker (p 21); Mr F C Christians (p 21); Mr L L Mvimbi (p 21); Mr M K Sayed (p 21).

No 14 - 2023] VYFDE SESSIE, SESDE PARLEMENT

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 22 JUNIE 2023

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VRAE AAN DIE PREMIER SONDER KENNISGEWING**

Me A P Bans
Mnr G Pretorius
Mnr M K Sayed
Me W F Kaizer-Philander
Me A Cassiem
Mnr P T de Villiers
Mnr K Brinkhuis

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**DAGORDER**

Mnr P J Marais: Indiening: Wetsontwerp op die Wes-Kaapse Volk (Reël 170(1)(a)).

---

## VERDERE WERKSAAMHEDE

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(22 Junie 2023)***

1. Mnr F C Christians: Dat die Huis die voorgestelde Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering en die gepaardgaande impak daarvan op die samelewing debatteer.

2. Me A P Bans: Dat die Huis die teiken van SAPD-beamptes tydens skietvoorvalle in die provinsie en die gebrek aan reaksie van die Wes-Kaapse provinsiale Departement van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid om te voorkom dat SAPD-beamptes teikens word, debatteer.

3. Mnr L L Mvimbi: Dat die Huis die uitbreek van taxi-geweld op die Drakenstein-Bellville-roetes en die onbeholpe betrokkenheid van die Minister van Mobiliteit in die voorkoming van hierdie geweld debatteer.

4. Me N G Bakubaku-Vos stel voor: Dat die Huis die ontworteling van duisende mense en die lewensverlies in die Wes-Kaap as gevolg van oorstroming, wat tot gevolg gehad het dat hul eiendom beskadig is, debatteer.

5. Mnr M K Sayed: Dat die Huis die toename in skoolgeteikende rooftogte in die Wes-Kaap debatteer.

12. Me A P Bans: Dat die Huis die Tafelsig-buurtwag se kameramoniteringskamer wat deur die Stad Kaapstad gesluit is, debatteer.

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(15 Junie 2023)***

1. Me L M Maseko: Dat die Huis, met kennisname dat Jeugdag nader kom, erkenning gee aan die prysenswaardige pogings van die Wes-Kaapse Regering om ’n jeugbemagtigingsopedag in Gugulethu te reël, wat daarop gemik is om die jeug in die groter Gugulethu-gebied toegang tot verskeie bemagtigingsgeleenthede te gee; kennis neem dat die Departement van Infrastruktuur in die komende weke soortgelyke jeugbemagtigingsessies regdeur die provinsie sal aanbied; die merkwaardige vordering aanprys wat met die Conradie Park-leerlingskapprogram behaal is, wat tans in die behoeftes van 100 jong individue voorsien; kennis neem dat die program maandelikse stipendiums aanbied om die deelnemers aan te spoor; kennis neem dat die 23-jarige Jordan Samuels tydens ’n onlangse gesprek met die Minister haar diepe waardering vir die program uitgespreek het en die persoonlike betekenis vir en impak daarvan op haar lewe beklemtoon het; die groot werk aanprys wat deur die Masakh'iSizwe-beursprogram (MiS-beursprogram) gedoen word; kennis neem dat Minister Simmers beurse aan 96 jongmense toegeken het vir die 2023- akademiese jaar; kennis neem dat die nuwe beursontvangers diep geëerd was om as deel van die MiS-beursprogram in hul onderskeie akademiese dissiplines aanvaar te word; verder kennis neem dat die beurs ondersteuning bied vir voltydse studies vir ’n graad of diploma in die vervoer-, ingenieurs- en bebou-omgewingsdissipline; die DA-geleide Wes-Kaapse Regering se verbintenis om die jeug, wat onteenseglik die belangrikste demografie in ons samelewing is, te prioritiseer en te ondersteun, aanprys; en kennis neem dat hulle die toekoms van ons land verteenwoordig en die potensiaal het om betekenisvolle positiewe verandering teweeg te bring.

2. Me D M Baartman: Dat die Huis met trots kennis neem van die naderende konstruksie van die “Lunar Exploration Ground Site” of LEGS by Matjiesfontein in die Karoo; kennis neem van die feit dat Matjiesfontein vir hierdie doel gekies is as gevolg van sy ideale ligging, klimaat en bestaande infrastruktuur; kennis neem dat hierdie fasiliteit, gebou namens die Verenigde State se Nasionale Lug- en Ruimteadministrasie (NASA), ’n belangrike rol sal speel in die Artemis III-sending wat daarop gemik is om menslike ontdekkingsreisigers na die oppervlak van die Maan terug te laat keer vir die eerste keer sedert die Apollo 17 sending in Desember 1972; kennis neem dat die Artemis III-sendings nie net ten doel het om die eerste vrou en persoon van kleur ooit na die oppervlak van die Maan te stuur nie, maar ook om ’n basis vir menslike maanbewoning te vestig; en sy groot trots uitspreek oor Matjiesfontein en die Wes-Kaap se rol in hierdie opwindende volgende reusesprong vir die mensdom se verkenning van die kosmos.

3. Mnr C M Dugmore: Dat die Huis sy diepe kommer uitspreek oor die impak van vloede op die lewens van mense regoor die provinsie en glo dat die DA se herhaalde weiering om grond aan behoeftiges beskikbaar te stel, asook die gebrek aan ŉ proaktiewe strategie om die impak van oorstromings te verminder, bydra tot die ellende van die armes en grondloses; daarom besluit dat die Huis ŉ ad hoc-komitee tot stand moet bring om die huidige situasie met betrekking tot vloedskade te ondersoek en om aanbevelings te maak om aan die beskikbaarheid van grond en ander maatreëls aandag te skenk om die impak van vloede regoor die Wes-Kaap te verminder; en vra verder vir die dringende instelling van die Omgewingskommissaris om maatreëls vir versagting van klimaatsverandering wat nodig is, in te stel.

4. Mnr M Kama: Dat die Huis die provinsiale regering versoek om onmiddellik die Provinsiale Sportraad tot stand te bring, wat onder meer oor geskille van sportfederasies in die Wes-Kaap moet beslis; kennis neem dat die voortdurende geskille tussen sportfederasies teen alle sportontwikkelingspogings indruis; en kennis neem dat die Raad aangestel moet word deur regverdige en gelyke deelname van verskillende belanghebbendes in verskillende sportsoorte.

5. Mnr M Kama: Dat die Huis die Premier aanmoedig om die begroting vir jeugontwikkeling te verhoog; kennis neem dat ŉ jeugdirektoraat in die Kantoor van die Premier tot stand gebring moet word met die doel om alle jeugprogramme in sy regering te koördineer en die vestiging en bestuur van jeugontwikkelingskantore op plaaslikeregeringsvlak te ondersteun; en sy regering moet onmiddellik alle staatsgefinansierde poste adverteer en doelbewus jong mense en vroue vir werwing teiken.

6. Me R Windvogel: Dat die Huis die aanneem van die Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering (NGV) in Suid-Afrika verwelkom; kennis neem dat hierdie belangrike geleentheid ŉ betekenisvolle mylpaal is in ons poging om universele gesondheidsorg vir al ons burgers te behaal; kennis neem dat die NGV-wetsontwerp ŉ diepgaande verbintenis tot die verbetering van die gehalte en toeganklikheid van gesondheidsorgdienste regoor die land verteenwoordig; kennis neem dat dit ŉ bewys is van ons kollektiewe pogings om ŉ regverdige en billike gesondheidsorgstelsel te bou wat die welstand van elke individu voorop stel; kennis neem dat ons, met die implementering van die NGV, ŉ toekoms in die vooruitsig stel waar geen Suid-Afrikaner noodsaaklike mediese sorg geweier word weens finansiële beperkings nie; kennis neem dat hierdie transformerende wetgewing sal verseker dat almal, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, toegang kan kry tot die gesondheidsorgdienste wat hulle nodig het en verdien; en hierdie mylpaal vier en ŉ toekoms verwelkom waar gesondheid ŉ basiese reg vir almal is.

7. Me N G Bakubaku-Vos: Dat die Huis kennis neem van die swak dreineringstelsel in die Drakenstein-munisipaliteit in die Wes-Kaap; kennis neem dat die dreineringstelsel in die slegste toestand ooit is en al jare lank in hierdie toestand is; kennis neem dat die DA niks doen om in infrastruktuur te belê nie en dat dit jare lank onaangeraak gelaat is terwyl hierdie vloede voortgaan ons mense te terroriseer; kennis neem dat, met net ŉ bietjie reën vir 10 tot 30 minute, die strate heeltemal onbegaanbaar is; en ŉ beroep op die provinsiale regering doen om hierdie probleem te ondersoek aangesien die reënseisoen begin het.

8. Mnr M K Sayed: Dat die Huis kennis neem van en diep ontsteld is oor die onlangse rassistiese voorvalle by die Westerford High School in Kaapstad, wat tans ondersoek word; kennis neem dat sulke gedrag nie net laakbaar is nie, maar ook in stryd is met die kernwaardes van respek, inklusiwiteit en gelykheid wat in ons opvoedkundige instellings gehandhaaf moet word; kennis neem dat rassiste ongelukkig gemaklik voel in die DA-beheerde Wes-Kaap as gevolg van die DA se verdediging van geïnstitusionaliseerde rassisme; ferm standpunt inneem teen enige vorm van diskriminasie of vooroordeel en eensgesindheid uitspreek met die betrokke leerders en hul gesinne; en kennis neem dat dit van kardinale belang is dat die skooladministrasie beslissende stappe doen nadat hulle hierdie voorvalle deeglik ondersoek het, en diegene wat verantwoordelik was, verantwoordingspligtig is vir hul optrede hou.

9. Mnr M Kama: Dat die Huis kennis neem van die uitstekende vertoning van die Cape Town Spurs-sokkerklub wat ná vyf jaar in die nasionale eerste afdelings tot die DSTV-premierliga bevorder is; kennis neem dat die Kaaps-gebore legendariese en vegter by uitnemendheid, Shaun Bartlett, wat die hoofafrigter is, die persoon is wat dit alles moontlik gemaak het; kennis neem dat sy loopbaan as senior sokkerspeler by hierdie einste span begin het; ŉ beroep op die Wes-Kaapse Regering en plaaslike owerhede doen vir groter steun vir ons provinsiale spanne wat aan Suid-Afrika se topvlakliga deelneem; kennis neem dat ŉ progressiewe regering die geleentheid moet besef en moet benut om sport te gebruik om aan maatskaplike euwels wat jongmense in die gesig staar, aandag te skenk; kennis neem dat sokker in die Wes-Kaap die grootste deelname en meeste spelers het, meestal uit arm en misdaadgeteisterde gebiede, maar dat dit swak in die provinsie befonds word; kennis neem dat die bevordering van Cape Town Spurs ons spanne tot drie in die topliga in totaal bring; kennis neem dat hierdie oorwinning van Cape Town Spurs ons moet herinner aan en alle sokkerliefhebbers in die Wes-Kaap moet aanmoedig om nooit die verdediging van die Athlone-stadion, die trots van Kaapstadse sokkergeskiedenis, te versaak nie; en laat ons sokker gebruik om misdaad uit die speelveld te skop.

10. Mnr M K Sayed: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem dat die krisis van ongeplaaste leerders in die Wes-Kaap voortduur, aangesien ons daagliks meer gevalle ontdek van ouers wat betyds en korrek aansoek gedoen het, maar afgekeur word by alle skole waar hulle aansoek gedoen het; verder kennis neem dat me Mqikela vir haar dogter by vyf verskillende skole aansoek gedoen het, naamlik Glendale High School, Mondale High School, Spine Road Secondary School, Portlands High School en Cedar High School; verder kennis neem dat mnr Banjwa aan die WKOD geskryf het om sy teleurstelling uit te spreek nadat hy by agt verskillende skole aansoek gedoen het vir sy niggie wat tans in graad 7 by die Claremont Primary School is en die aansoek onsuksesvol was by al die skole met geen geldige redes wat verstrek is nie; die voortgesette bewapening van toelatings- en taalbeleide om swart leerders (swart, bruin en Indiër) uit voormalige model C-skole te hou betreur; en ŉ beroep op Minister Maynier doen om aandag te skenk aan hierdie saak aangesien die leuen van laat aansoeke en die migrasie van leerders uit ander provinsies nie langer deur die publiek aanvaar sal word nie.

11. Me N G Bakubaku-Vos: Dat die Huis met diepe kommer kennis neem dat 10 huishoudings by Smartie Town in die Drakenstein-munisipaliteit al agt maande sonder elektrisiteit sit weens kabeldiefstal; verder kennis neem dat, toe die saak by die munisipaliteit aangemeld is, elke huishouding beveel is om R3 000 vir die kabel te betaal en nog R3 000 om ŉ gesertifiseerde elektrisiën te kry om dit te installeer, wat elke huishouding altesaam R6 000 sou kos; ŉ beroep op die Premier en die Minister van Plaaslike Regering doen om in te

gryp aangesien die mense nie hierdie bedrag kan bekostig nie, aangesien die meeste van hulle werkloos is en van maatskaplike toelaes afhanklik is; ook 'n beroep op die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling doen om in te gryp aangesien daar twee mense met gestremdhede is wat geraak word, asook sewe pensioentrekkers en 11 kinders, wat nie in die winter sonder elektrisiteit sal kan leef nie.

*Kyk ook:* Mnr F C Christians (bl 4); mnr P J Marais (bl 4); me L M Maseko (bl 5); mnr M K Sayed (bl 6); mnr C M Dugmore (bl 6); me R Windvogel (bl 6); mnr M Kama (bl 6); me A P Bans (bl 6); me A P Bans (bl 7); mnr M K Sayed (bl 7); me N D Nkondlo (bl 7); me N G Bakubaku-Vos (bl 7); mnr M K Sayed (bl 8); me D M Baartman (bl 8); mnr T M Klaas (bl 8); mnr C M Dugmore (bl 11); me A Cassiem (bl 12); mnr T M Klaas (bl 12); me A P Bans (bl 12); me N D Nkondlo (bl 12); me A P Bans (bl 13); me N G Bakubaku-Vos (bl 13); me R Windvogel (bl 13); mnr F C Christians (bl 14); mnr I M Sileku (bl 14); me N G Bakubaku-Vos (bl 15); mnr M K Sayed (bl 15); me A P Bans (bl 15); mnr M Kama (bl 15); mnr C M Dugmore (bl 16); mnr G Bosman (bl 17); mnr F C Christians (bl 17); mnr C M Dugmore (bl 18); me D M Baartman (bl 18); mnr T M Klaas (bl 18); me A P Bans (bl 18); mnr K Brinkhuis (bl 21); me A P Bans (bl 21); mnr C M Dugmore (bl 21); mnr M Kama (bl 6); me R Windvogel (bl 6); me P Z Lekker (bl 21); mnr F C Christians (bl 21); mnr L L Mvimbi (bl 21); mnr M K Sayed (bl 21).